

Dinsdag 18 Mei

Skrifgedeelte: Jeremia 29:1-32

Fokusgedeelte: Jeremia 29:11-13

Glo in God, dit bring vir jou hoop en redding deur swaarkry heen!

Jeremia 29:11 is baie gelowiges se gunstelingvers in die Bybel. God gee deur sy profeet in 'n brief 'n wonderlike belofte aan die leiers van die ballinge in Babel. By monde van die profeet Jeremia kom verseker God sy volk dat hulle nie hoop moet verloor nie, dat Hy vir hulle voorspoed beplan, dat Hy vir hulle 'n toekoms wil gee waarin hulle Hom sal aanroep en sy wil sal ken, terwyl Hy hulle gebede verhoor. Intussen moet hulle voortgaan met hulle lewe. Ná 70 jaar van ballingskap sal die HERE ingryp en sy mense terugbring na hulle land toe.

God se belofte gee immers hoop vir mense wat uiters beproewende omstandighede beleef. God se hoop is vir hulle soos 'n reënboog wat oor hulle gespan is. Die Hebreërskrywer sê dat om te glo, beteken dat ons nou reeds seker kan wees van die dinge wat ons hoop (Heb. 11:1).

Jesus Christus is vir ons die “ja” en “amen” op God se beloftes. Daarom hoef mense wat in God glo, nie vir “eendag” te wag nie. Ons kan vandag al met hoop in ons harte leef omdat ons nou reeds seker mag wees dat God vir ons 'n toekoms waarborg, dat Jesus op die oomblik besig is om ons plek by Hom gereed te maak en dat die hemel op ons wag.

Geloof in God bring vir jou hoop en redding deur swaarkry heen! Dis hierdie aspek van hoop wat dit vir ons moontlik maak om ons swaarkry van die oomblik te hanteer, omdat ons nou reeds op die toekoms kan fokus en kan vashou aan God se beloftes vir ons. Boonop ontvang ons ook nog die versekering dat niemand wat op God hoop, al ooit teleurgestel is nie (Heb. 10:23).

Vra dus na God se wil, wees lief vir Hom, en wees verseker van 'n toekoms vol mooi verwagtings – die ewige lewe!

Sing: Psalm 34-1:6, 8

Dr. D Saaiman (De Wet) (Krugersdorp)